


**CANTATE DOMINO**
met **Alumni Voices (olv Leona Geldenhuys)**
**Odeion Vocal Consort (olv Lance Phillip)**
**OSM CAMERATA (olv Xavier Cloete)**
**ODEION**
**28 Mei 2016**
**19:30**

Die OSM Camerata en twee kore, die Alumni Voices en die Odeion Vocal Consort gaan kragte saamsnoer om ‘n konsert getiteld *Cantate Domino* (*Sing to the Lord*) aan te bied.

Die oorspronklike idee vir die konsert kom van die dirigent van Alumni Voices, Leona Geldenhuys. Sy het voorgestel om, as kurator, ‘n program wat hoofsaaklik uit ou kerkmusiek met instrumentale begeleiding bestaan, aan te bied. Binne hierdie konteks is die *Odeion Vocal Consort* genooi om aan die projek deel te neem. Hoofitems op die program sluit Monteverdi se *Beatus Vir* en *Lauda Jerusalem* van Vivaldi in. Mezzosoprane Teresa de Wit en Matildie Thom Wium sal as soliste optree. Orrelis Jan Beukes en pianis Cézarre Strydom sal verantwoordelik wees vir die continuo-partye wat op orrel en klavesimbel uitgevoer sal word. Die *Odeion Vocal Consort* sal *Herr wenn Ich nur Dich Hab* van Dietrich Buxtehude uitvoer.

Altviolis, Elmarie van der Vyver, sal as instruktrise vir lede van die OSM Camerata optree. Elmarie fokus vir die afgelope paar jaar eksponensieel op die fach van Historiese Ingeligte Uitvoerpraktyk (HIP). Sy het ook afrigtingsessies vir die dirigente van die drie ensembles aangebied.

Benewens die ou-musiekkomponent, is twee ander bydraes tot die program gevoeg – ‘n werk van die hoog-Romantiek sowel as ‘n eietydse werk. *Stabat Mater* van Rheinberger sal deur die Alumni Voices met orrelbegeleiding uitgevoer word. Die OSM Camerata sal die *Lux Aurumque* deur befaamde eietydse komponis Eric Whitacre (verwerk deur Suid-Afrikaanse komponis, Keith Moss) aanbied.

**TOEGANG:**
R110 (volwassenes), R70 (pensioenarisse, studente en leerders), R60 (UV-personeel), R40 (groepbespreking van 10+).
Kaartjies beskikbaar by Computicket of by die deure.

**NAVRAE:**
Ninette Pretorius (tel. 051 401 2504)

**CANTATE DOMINO**
with **Alumni Voices (conducted by Leona Geldenhuys)**
**Odeion Vocal Consort (conducted by Lance Phillip)**
**OSM CAMERATA (under the baton of Xavier Cloete)**
**ODEION**
**28 Mei 2016**
**19:30**

The OSM Camerata and two choirs, the Alumni Voices and the Odeion Vocal Consort (Lance Phillip) are joining forces to produce a concert entitled *Cantate Domino* (Sing to the Lord).

The original idea was initiated by the conductor of Alumni Voices, Leona Geldenhuys, who wanted to curate a programme consisting mainly of early church music with instrumental accompaniment. Within that context the Odeion Vocal Concort was invited to join the project. Main items on the programme will include the *Beatus Vir* by Monteverdi and *Lauda Jerusalem* by Vivaldi with mezzo-sopranos Teresa de Wit and Matildie Thom Wium serving as the soloists. Organist Jan Beukes and pianist Cézarre Strydom will be responsible for the continuo parts to be performed respectively on the organ and harpsichord. The Odeion Vocal Consort will recite *Herr wenn Ich nur Dich Hab* by Dietrich Buxtehude.

Violist Elmarie van der Vyver who, in recent years, has focused exponentially on the fach of Historically Informed Practice (HIP) was contracted to serve as instructor to members the OSM Camerata. In addition Van der Vyver also had coaching sessions with the conductors of the three ensembles.

Apart from the component of old music two other contributions were added to the programme from the high Romantic period as well as a piece of music from our times. The *Stabat Mater* of Rheinberger will be recited by the Alumni Voices with organ accompaniment and the OSM Camerata will perform the *Lux Aurumque* by acclaimed contemporary composer, Eric Whitacre, arranged for string orchestra by South African composer Keith Moss.

**ADMISSION:**
R110 (adults), R70 (pensioners, students and learners), R60 (UFS staff), R40 (group bookings of 10+)
Tickets available at Computicket or at the door.

**ENQUIRIES:**
Ninette Pretorius (tel. 051 401 2504)